VOLKSTEM

VRYHEID VOLK VADERLAND

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 2

# "GESTEELDE" LAND

Die post moderniste se strewe na altyd reformeer, gebore van die uitgangspunt dat verandering noodsaaklik is vir verbetering, het in die nuwe Suid Afrika presies die teenoorgestelde uitkoms gelewer.

Ten spyte daarvan dat ons Afrika as aanskouingsles en daarby betroubare Afrikanerleiers se waarskuwings en voorspellings gehad het wat die onvermydelike gevolg van wat in die twee berigte hieronder verskyn, voorspel het, is daar onverskillig en moedswillig voortgegaan om Suid Afrika te onderwerp aan die voorspelde ondergang.

Dit is dieselfde media wat alles in die stryd gewerp het om die bestaande orde onder die NP van genl. Hertzog, dr. Malan adv. Strydom en dr. Verwoerd omvêr te werp, wat nou begaan is en noodgedwonge moet berig oor die nadelige gevolge daarvan. Let wel, géén erkenning of belydenis van hulle katastrofiese politieke misvatting, hetsy uit oortuiging, ditsy vir die beplande bereiking van 'n voorgeskrewe uitkoms in belang van die vyande van ons volk nie!

De Klerk se Kulkuns Hervorming beeld in Suid Afrika is een van onstuitbare uiterste verval en agteruitgang. 'n Tipiese Afrika tendens van ongebreidelde korrupsie wat van bo af na ondertoe manifesteer. Die simptoom van 'n diepgewortelde defek in die kultuur van die Kommunistiese terroriste bende in beheer van die politiek van Suid Afrika, wat nie weggepraat kan word nie. Dit is 'n aansteeklike morele blindekol wat dit wat vir die gelowige blanke verkeerd is, deur die swart amptenary as prestasie beskou word wat boonop met bonusse beloon moet word.




In hierdie uitgawe......

Verraad gaandeweg bevestig

11 Plaasmoorde in 14 Dae

Bemagtig Jou Kinders

Zuma - "Doublespeak"

Dieselfde swart minister wat in 2010 die blankes van Suid Afrika gedreig het dat as hulle nie wil afstand doen van hulle grond nie, dit soos in Zimbabwe gevat sal word, is in wese net so korrup as die volgende en ingestel om homself en sy vriende te verreik ten koste van elke ander swarte in die land. Of hy daarmee die eiendom en bestaande infrastruktuur vernietig, skeel hom weinig indien nie niks nie! Let op na die uitdrukking op sy gesig in die bygaande foto. Dit vertel ‘n verhaal sonder woorde!

Wat ‘n “uitnemende” prestasie van diégene wat met hulle sameswerings en verraderlike geknoei agter die skerms, die Afrikaner en daarmee saam Suid Afrika se oorlewing sou bewerkstellig! Die steen uit die muur roep, en die balk uit die timmerasie gee hom telkens luidkeels antwoord!

Soon after the men took over, there was no money to pay 31 workers on the farm. No wages were paid for five months and the farm became run-down

## MINISTER HELPED FRIENDS TAKE OVER R97M FARM

Sunday Times News by mzilikazi wa afrika

Land Reform Minister Gugile Nkwinti, left, and workers on the Bekendvlei Farm that was bought for R97-million.



Image: Alon Skuy

***Land Reform Minister Gugile Nkwinti introduced a Luthuli House comrade "shopping" for a thriving Limpopo farm to one of his top officials at a land summit.***

Just eight months after the meeting, Bekendvlei Farm was bought for R97-million and handed over to **Errol Velile Present**, who had been working at Luthuli House for more than 10 years, and his partner, businessman **Moses Boshomane**, to manage.

***The senior department official had prioritised the deal by bypassing required procedures. A day after the deal went through, Nkwinti was the speaker at Present's lavish wedding. Neither Present nor Boshomane had an ancestral claim to the farm. They also had no experience in agriculture.***

The minister has admitted to having been accused of taking R2-million to "facilitate" the deal.

Soon after the men took over, there was no money to pay 31 workers on the farm. No wages were paid for five months and the farm became run-down.

***Despite the department also bankrolling an additional R30-million for machinery, salaries and construction, the once-thriving farm quickly fell into disrepair. About 3,000 cattle, worth almost R18-million, were sold off, machinery disappeared and crops died.***

The minister's involvement in the deal was exposed in a forensic investigation by auditors Deloitte.

This has emerged as the ANC ups the ante on land redistribution. Present and Boshomane were given a lucrative lease to Bekendvlei Farm despite having no business plan. ***The deal bypassed normal channels, which***

***require land applications to go through the provincial department.***

***There was also no claim on the thriving 7,000ha Limpopo farm land at the time it was bought by the department.*** The two men were not listed on the department's database of possible beneficiaries and had no ties to the land. Present is from the Eastern Cape and Boshomane was born in Johannesburg, although his parents come from Limpopo.
After four years of lavish spending and regularly failing to pay farmworkers or make lease-agreement payments, Nkwinti was forced to take legal action to evict the men in March last year. The report said the two hired a farm truck driver, Doctor Bavu, as a mentor, despite the man's "lack of understanding and experience" in farming. This was despite an agreement that they would use the farm's former owner. Bavu was made a co-signatory for the department's recapitalisation funding bank account even though he didn't know what his responsibilities were and had no "insight into the spending of the recapitalisation funds".

The report said a local farm-equipment retailer confirmed that several tractors had been sold back to him soon after purchase. It also said "excessive and unnecessary" construction had been undertaken using recapitalisation funds.

The report said a local farm-equipment retailer confirmed that several tractors had been sold back to him soon after purchase.

Present confirmed this week that he approached Nkwinti at a land summit on March 9 2011. He told Nkwinti that he and Boshomane had identified Bekendvlei, outside Modimolle in Limpopo, and that the owners were willing to sell. He said he needed Nkwinti's assistance. "The minister introduced me to his deputy director-general, Vusi Mahlangu, and asked him to work on my project," Present said.
Within hours, Mahlangu had sent an e-mail to two officials in the department instructing them to "prioritise the matter", according to the report.

***Deloitte was hired to investigate the circumstances in which the farm was acquired. Its draft report, dated May last year, found that "Nkwinti should be charged with possible corruption". It said: "Nkwinti is guilty of abusing his position as minister to influence the acquisition of Bekendvlei for the purpose of allocating it to Boshomane and Present, which resulted in irregular expenditure amounting to R97,600,000."***

# VERRAAD

## GAANDEWEG BEVESTIG

*Deur Danie Varkevisser*

Oor die afgelope een en vyftig jaar sedert dr. Verwoerd vermoor is, het daar veel verander op feitlik elke lewensterrein van die Afrikanervolk. Baie veranderings was reeds tydens die bewindsjare van genl's Louis Botha en Jan Smuts aangelê. Van daardie selfde tipe veranderings wat in die Vryburgers se tyd aan die Kaap deur die Britse bewind op die Vryburgers afgedwing is, het tot die Groot Trek gelei.

Botha en Smuts se holistiese, en daarmee saam, voorkeur aan die Engelse se anti Afrikaanse beleidsrigtings, het weer die Nasionale Party tot gevolg gehad. Telkens het die Afrikaner hom gewend na 'n beginselstandpunt wat polities sy eie aard en behoefte beskerm en bevredig het. Nie bloot omdat die Afrikaner selfsugtig, eiesinnig of bloot magsbehep was nie, maar omdat die geskiedenis uit sy verlede aangedui het dat daar 'n ander benadering in bestuur en beleid gevolg sal moet word as in Europa.

Die Afrikaner het vroeg reeds besef dat 'n beleid wat alle inheemse volke se identiteit,

sowel as sy eie kan en moet beskerm, en wat Bybels fundeerbaar is, noodsaaklik is as onderlinge vrede en die vermyding van konflik in Suid Afrika verkry moet word. Selfs genls. Jan Smuts en Louis Botha het dit in hulle tyd al besef!



Botha en Smuts


In April 1912 sê Genl. Botha dat om rasse op dieselfde vlak te plaas geen bevrediging sal bring nie.

Dit word sedert 1994 toegepas en is nou selfs na 22 jaar, onbevredigend. Die swartes wil alles hê. Politieke mag, stoflike besit van die blanke wat vir geslagte deur harde werk in hulle besit is en die blanke is in verset daarteen. Dan raak ons nie eers aan die legio ander sake wat onbevredigend is nie! Genl. Botha het verder gesê dat iets anders gedoen sal moet word soos bv. 'n mate van selfregering aan hulle onder toesig van die blankes.

Op 24 September 1912 sê hy op Heidelberg dat die Kaffervraagstuk die moeilikste vraagstuk in die land was en dat die oplossing lê in die afsondering van die naturelle in sekere gebiede, met 'n soort selfregering in slegs daardie gebiede en nêrens elders nie. In die Parlement het hy dan ook in 1913 'n voorstel ter tafel gelê dat die naturelle gesegregeer moet word met selfregering onder toesig van die blankes.

In 1917 by 'n eetmaal wat tot sy eer gehou is het die Genl. Smuts, as lid van die Imperiale Oorlogskabinet onder voorsitterskap van Lord Selborne, 'n toespraak gehou oor:

*"The White Man's Task". "We have felt more and more that if we are to solve our Native question it is useless to try to govern Black and White in the same system, to subject them to the same institutions of government and legislation. They are different not only in colour but in mind and political capacity and their political institutions should be different".*




Hy het verder verduidelik dat oor die lang termyn daar areas sal wees wat die swartes sal bewerk en beset waar hulle hulself volgens hulle gebruike sal regeer terwyl die res van die land deur blankes beheer sal word wat hulleself apart volgens Europese standaarde sal regeer.

'n Gevolgtrekking gebaseer op die praktyk en wat nie deur die Engelse regering gerepudieer was nie maar self toegepas is totdat die Nasionale Party politieke beheer geneem het in 1948.

In die oorlog sonder koeëls wat daarna gevolg het, het daar 'n praktyk van uitoorlê-ery begin

waar die Afrikanervolk mislei is deur volgehoue ontkenning van ons eie regering, dat daar beweeg word in 'n politieke rigting wat deur die geskiedenis telkens as onhaalbaar afgewys is!

Ten spyte van herhaalde waarskuwings en duidelike tekens van ontevredenheid, selfs skeuring in staat en kerk, is daar planmatig en doelbewus voortgegaan in 'n rigting wat Afrikaners intuïtief geweet het ons voortbestaan bedreig!


Terreblanche, De Wet en Jaap Marais

Weerstand is besweer deur metodes van die Broederbond en ander Afrikaner kultuur organisasies in samewerking met die Afrikaner kerke met versekerings dat daar in Afrikanerbelang opgetree word. In uiterste gevalle deur die diaboliese stigting van "regse" organisasies as opvangsgebied vir die opstandelinge waar die persepsie geskep is dat die regering nou opponeer word met die moontlikheid om verslaan te kan word.

Wat egter belangrik is, is die feit dat daar steeds organisasies is wat die Afrikanervolk verdeel op dieselfde bedenklike wyse as tevore. Organisasies wat regs klink en dan links doen!

Vanuit hierdie gestigte organisasies is daar allerhande onbenullige verskonings uitgedink om nie met mekaar of die bestaande Herstigte Nasionale Party van dr. Albert Hertzog en later menere Jaap en Willie Marais saam te werk nie.

Gaandeweg het daar egter bewys gekom van al die geheime byeenkomste waar die Mandela vrylating beplan en bewerkstellig is. Nog skokkender die betrokkenheid van akademici, politieke-en-kultuurleiers, weermag generaals en talle predikante. 'n Hele konkoksie van verraderlike sameswering op byeenkomste wat geheimsinnig beplan en ten uitvoer gebring is.



Willie Marais

Waarom moes die Afrikanervolk in die donker gehou word? Is of kan daar 'n ander geldige rede wees as die feit dat hulle nie hulle goedkeuring sou heg aan wat beplan was nie? Die moontlikheid om die regering te stuit deur die afdwing van 'n verkiesing, is effektief deur die KP en AWB in die wiele gery deur hulle weiering om mnr. Jaap Marais se aanbeveling te aanvaar, selfs na vier uur se pleitrede deur hom op 'n gesamentlike vergadering.

Dit is vandag alles water onder die brug deur. Wat egter belangrik is, is die feit dat daar steeds organisasies is wat die Afrikanervolk verdeel op dieselfde bedenklike wyse as tevore. Organisasies wat regs klink en dan links doen! In die verlede is daar nie geskroom om mense wat in die pad van die beplande "Nuwe Suid Afrika" gestaan het, te vermoor nie, beginnende by Robbert Smith en sy vrou, dr. Verwoerd, Maryke de Klerk en talle jong Afrikanersoldate! Onder hulle van die bes opgeleide verkenners wat koelbloedig ge-offer is, weereens in geheime byeenkomste beplan en met die wete dat hulle sou sterf, is hulle verraderlik in 'n operasie ingestuur, "ter wille van oorlewing van die Afrikanervolk"??

Die lys name is lank! Die name van al die knoeiers, verlooptes, en verraaiers wat gedink het dat hulle meerdere "insig" dit regverdig om lewens op te offer terwille van die Afrikanervolk se oorlewing. Die eindresultaat is presies die teenoorgestelde! Die stigting van die

Konserwatiewe Party onder leiding van dr. A.P. Treurnicht deur die destydse NP wat op die punt gestaan het om sy politieke greep te verloor, word in Wynand du Toit se boek Josefskleed vanaf bladsy 12 tot 18 bevestig.




Dit strook met die beoordeling van gebeure deur die HNP se leier mnr. Jaap Marais, wat sy uiterste bes probeer het om die Afrikanervolk se lojaliteit aan beginsel en beleid vasgeknoop te hou deur goed beredeneerde en tydige waarskuwings, teregwysings en pleitredes.

Die voorspelde verval sal voortduur ongeag of Zuma en/of die ANC vervang word met wie ookal. Afrikaners moet geledere sluit op beginsel en vasstaan by die geskiedkundige feit dat hierdie land óns land is. Die onrus deur wedywering tussen swartes vir plek op die soustrein is reeds besig om in geweld te ontaard en dit sal erger word namate die buit al kleiner word, dienste al swakker en die gewone swarte dit al moeiliker vind om te oorleef.

Vergewis uself van die feite en neem dan die besluit om u nie weer te laat vang deur slim operateurs met stories van onderhandelde volkstate of samewerking om hierdie bestel te maak werk nie. Kyk terug in die geskiedenis en lig u verdwaalde kinders in oor wat waar en werkbaar was in die verlede.

Indien ons ons land moet verloor, laat dit dan wees omdat dit ons beskikte lot is en nie ons skuld omdat ons weier om die aangeduide pad van afsonderlike ontwikkeling te hou en te weier om te aanvaar dat ons ons Godgegewe erfenis moet afstaan aan 'n bende onbevoegde terroriste, net omdat hulle meer as ons is, of omdat sogenaamde leierfigure ons daartoe wil oortuig nie!

Daar was en is nog steeds sameswerings in ons land wat in die geheim beplan om ander lande se belange bo die van die Afrikanervolk te stel! U moet daarteen in verset wees indien ons volk se voortbestaan vir u belangrik is. Die AVP roep u daartoe op in belang van ons volk se samehorigheid, want daarin setel ook ons noodsaaklike kragdadigheid!

# ONOMKEERBARE, OMGEKEER

Wat omstandighede vir sommige Afrikaners as onomkeerbaar, of liewer onafwendbaar dikteer het, het hulle beginsels laat versaak omdat hulle geloof in die onbekende maar voorspelde voorspooksels, sterker was as in die bewese suksesvolle beginsels wat op 6 September 1966 in die parlement vermoor is.




*Die mediawêreld se negatiewe kommentaar oor die ondernemings van Donald Trump in sy verkiesingskampanje, wat die onhaalbaarheid enersyds en die katastrofiese gevolge indien dit wel toegepas sou word andersyds met oorgawe verkondig het, het klaaglik gefaal! Die doel was immers om hom daarvan te laat afsien en die kiesers teen hom gaande te maak.*

Staak die verdeeldheid en navolging van allerhande nuttelose aksies na die buiteland en selfs binnelandse oefeninge wat geen bydrae kan maak tot samehorigheid in ons stryd om weer vry te kan wees nie.

Om reg te wees is egter om 'n mag te wees, mits jy die moed het om te bly staan al moet jy alleen staan!. Mog Pik en FW en die wat deur hulle saamgesleep is hierdie nugterheid raaksien voordat hulle gaan slaap*!*

***Ons swem reeds in die bloedbad wat hulle kwansuis sou afgeweer het met hulle "verraad terwille van oorlewing!"***

Suid Afrika Eerste! Dit het nasionalistiese Afrikaners onder Genl. Hertzog verenig. Bymekaargebring wat uit innerlike oortuiging bymekaar gehoort het! Omdat bloed dikker is as water, daarom is nasionalisme 'n bewegende mag wat mense verenig. Wanneer dit 'n Christelik-Nasionale grondslag het, is God-Drie-Enig se riglyne die fondasie en word dit onstuitbaar in vooruitgang en prestasie, indien 'n volk en sy leiers daaraan gehoorsaam is.

Dit beskerm, beveilig en bewaar en dit sluit vrees uit vir welke bedreiging die vyand ookal kan bedink. Dit buig nie voor getalle en wapens of bedreiging nie! Dit tree egter op teen Goddeloosheid, sigbare en moedswillige sondes in eie geledere en handhaaf wet en orde en veiligheid om 'n leefwêreld tot stand te bring waarin elke landsburger in 'n rustige en stil lewe kan woon en werk, in alle godsvrug en waardigheid.

**I TIMÓTHEÜS 2: IN die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. 3 Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser,**

Staak die verdeeldheid en navolging van allerhande nuttelose aksies na die buiteland en selfs binnelandse oefeninge wat geen bydrae kan maak tot samehorigheid in ons stryd om weer vry te kan wees nie. Laat ons eers weer verenig op die vaste politieke beginsel van Christelike Nasionalisme sodat ons kan saamwerk soos in 1948 onder dr. Malan, adv. Hans Strydom en dr. Verwoerd.

Die AVP vermaan opnuut die VVK en die sg. Boere Afrikaner Volksraad. Neem kennis en leer uit die foute van die verlede. Die volkstaatgedagte wat uit 'n bedenklike dampkring van denke ontstaan het, het sedert die Volkstaatraad en later die KP se beywering, niks anders tot gevolg gehad as om ons te verdeel nie. Kom laat ons eers ons volk op beginsel weer verenig kry. Hierdie land is óns land!



Ongeag hoe wanhopig dit vir wie ookal mag lyk en klink, is dit 'n geskiedkundige feit! Laat ons rondom hierdie waarheid en feitelikheid verenig en daarvandaan ons volk se geloof versterk in die dinge waarop ons hoop, maar wat ons nie nou kan sien nie!

Indien ons vir die buitewêreld iets wil sê, laat dit dan wees dat hierdie land ons land is. Dat hulle 'n aandeel gehad het in die vernietiging daarvan en indien hulle 'n bydrae wil maak om hulle ondeurdagte veroordeling van die Afrikanervolk se beleid en beginselstandpunte reg te stel, hulle in die openbaar kan erken dat dit 'n fout was. Ons moet nou aanhoudend klem lê op die negatiewe effek van buitelandse inmenging op elke volk waar dit toegepas is.

# 11 PLAASMOORDE in 14 DAE

Die media se bedenklike en uiters veragtelike aandeel in die verontagsaming van die stryd om bekamping van hierdie verfoeilike barbaarse uitroeiing van die blanke bevolking van Suid Afrika, is daar nie woorde voor nie!

Dit is by nou al algemene kennis dat die regime nie eers meer lippediens lewer ten opsigte van

die bekamping van hierdie prehistoriese gebrek aan beskawing nie, wat staan nog effektiewe beheermaatreëls om dit aan bande te lê.




Dat die blanke daadwerklike veiligheidstrukture sal moet oprig vir selfbeskerming, het nou dwingend noodsaaklik geword. Die kommandostelsel moet weer implimenteer word in die lig van die regime se onvermoë om veiligheid te verseker en te demonstreer deur effektiewe optrede! Dit is ‘n basiese reg om jou lewe, geliefdes en eiendom te beskerm indien die regime nie daartoe instaat is nie en kennelik is hy nie!

Navorsing deur die Instituut vir Sekerheidstudies het bevind dat 'n boer se kans om vermoor te word, byna vier keer groter is as dié vir 'n gewone landsburger en twee keer so groot as dié van 'n polisielid.




Haat teenoor Blankes op Facebook

Die eerste twee weke van Februarie het elf plaasmoorde opgelewer, wat dit sover een van die mees bloedige maande op die land se plase maak.

Talle plaasaanvalle, waar niemand dood is nie, is ook gerapporteer, terwyl dit wil voorkom of nie eens alle aanvalle gerapporteer word nie omdat boere nie meer vertroue in die polisie het nie.

Tydens ‘n Gemeenskapspolisiëringsforum in Warmbad, het van die boere met bewyse vorendag gekom dat die polisie nie eens bewysmateriaal by ‘n aanvalstoneel gaan haal het nie.

Op dieselfde dag dat die GPF-vergadering plaasgevind het, is die 36-jarige mnr. Ryno Janse van Rensburg op ’n hoewe in die Roodekuil-gebied vermoor is terwyl niks skynbaar vermis word nie.

In die Tzaneen-omgewing is ‘n vrou drie maal gruwelik verkrag, alhoewel sy wel die aanval oorleef het.

Die mees gruwelike geval wat die gemeenskap van Balfour geruk het, is die moord van vier familielede op die plaas Modderbult. Louis Smuts (48) en sy vrou Belinda (42), asook Louis se ouers, Gert (78) en Paulina (77), is vermoor. Al vier het kopskote gehad.

Deur die Afrikaner konstant in ‘n toestand van openlike skaamte te hou het die regime en die Afrikaanse pers die perfekte manier gevind om die Afrikanervolk uiteindelik tot sy verdwyning te beskaam.

# BEMAGTIG JOU KINDERS

Met die uitslag van Suid Afrika se skoolverlaters met weinig wat na 12 jaar se opleiding en onderrig behoorlik kan lees, reken en spel en met afwaartse aanpassings in wiskunde nou toelating tot universiteit, verblyf en fondse moet kry, skuif die duisternis van Afrika al verder Suidwaarts met ‘n donker skaduwee oor die moontlikheid van vooruitgang!

As die voorneme van die ANC regime, afgelei uit Zuma se retoriek van versnelde

grondhervorming (sonder vergoeding)en meer aandag aan die gelykmakingsproses daarby gereken word, is dit duidelik dat die Afrikawetmatigheid van “vat van die blanke en gee dit aan die nie-blanke”, die ANC in beheer moet hou.

Die koers is dus verhoogde onsekerheid, minder beleggings, laer inkomste en dienooreenkomstig, groter verval. In die politiek sal daar hoër gebie moet word vir stemme as die bod van die ANC, wat in ‘n baie beter posisie verkeer om beloftes van hierdie aard te maak as of die EFF, of die DA.



Vir die blanke in Suid Afrika is daar géén voordeel in die vooruitsig behalwe in die mate waarin hy bereid is om homself te bemagtig nie. Indien die blankes sou besluit en daadwerklik begin om hulle kinders in massa uit die staatskole te verwyder, sou dit al ‘n reuse sprong tot selfbemagtiging wees.

> Indien die blankes sou besluit en daadwerklik begin om hulle kinders in massa uit die staatskole te verwyder, sou dit al ‘n reuse sprong tot selfbemagtiging wees.

Dit waaraan ons kinders in die ANC se skole nou blootgestel word, rus hulle glad nie toe vir die uitdagings van môre nie en beïnvloed hulle lewens-en-wêreldbeskouing uiters negatief.

Met die oplewing van Nasionalisme in veral Europa wat nou gedwing word om hulle identiteit te beskerm, het die klimaat van negatiwiteit teenoor die beleid en beginselstandpunte van die Afrikanervolk feitlik onverdedigbaar geword en moet ons daarvan kennis neem en gereed maak om dit te benut! Die koers waarin Suid Afrika onder die Swart ANC regime beweeg, word al meer met kritiek beloon uit selfs hulle stoere liberale internasionale ondersteuners!

# Die Here het ook hierdie jaar gemaak

**Ps. 118:1-29**

**“Dit is die dag wat die HERE gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees.”**



Die dag wat God geskape het waarop Jesus Christus in die vlees as mens gebore is, is sekerlik een van die grootste dae in die geskiedenis waaroor daar gejuig kan word en waaroor ons ons kan verbly. Ons Leidsman het in die vlees na ons neergedaal om ons met God die Vader te versoen. Hy het gekom om vir ons deur Sy Gees ‘n ewige Herder en Leidsman te word.

Dit is egter belangrik dat ons daaraan herrinner word dat elke nuwe dag wat geskape word ook ‘n dag is wat deur die Here vir ons gemaak is.

Hy skenk aan elkeen van ons wat die voorreg het om die lig van ‘n nuwe dag te aanskou daardie dag heeltemal gratis. Tog is daar mense wat sê dat niks in die lewe verniet is nie? Dit is waarom dit uiters raadsaam is om jou dag met Hom te begin om te verseker dat jy elke liewe dag die meeste van hierdie geskenk maak.

Ek lees die afgelope week ‘n rubriek in een van die dagblaaie. Ek sit verslae en lees hoedat die skrywer van daardie rubriek die jaar 2016 as’t

ware vervloek. Die skrywer kan nie genoeg uitbrei oor hoe sleg die afgelope jaar was en hoe bly hy is dat dit verby is nie. Hy kan nie wag om hierdie "bokker" vaarwel te roep nie. Dit is daar waar ek na die skrywer se woorde kyk met 'n erbarming in my binneste en wonder of hy dan nie 'n God ken wat hom in die afgelope jaar bygestaan en getroos het nie? Wanneer 'n mens daardie rubriek lees, blyk dit in elk geval nie die geval te wees nie.

Dit is amper vir my komies hoedat sommige hulself werklik kan oortuig dat die omslaan van 'n kalenderblaaitjie al hul probleme en sorge van die afgelope jaar sal laat verdwyn. Dit is so asof hulle 'n nuwe mens sal wees met die ingaan van die nuwejaar - of so blyk die hoop ten minste te wees. Ek wonder hoeveel nuwejare diesulkes al beleef het om elke jaar dieselfde ontnugtering te kry?

Ek sê nie vir een oomblik dat dit verkeerd is om die verlede in oënskou te neem nie. Inteendeel, ek dink dit sal goed wees indien mense dit dalk meer as net eenmaal per jaar sou doen. Dit sou tot ons almal se voordeel wees as mense dalk elke aand sou stilraak om oor net 'n dag se bedrywighede te besin en dit aan die Woord se vereistes te toets. Die vraag is egter wat mense doen met hierdie inligting voortspruitend uit hierdie ondersoek van die verlede. Wat sal dit help as 'n persoon besef dat hy foute gemaak het en maar net wens om daarvan te vergeet en daarom reikhalsend uitsien na 'n nuwe jaar waarin die verlede wel op 'n kalender sal agterbly, maar nie in jou gedagtes, hart en siel nie.

> Jesus Christus het mens geword om ware gelowiges vry te maak van bande van ongeregtigheid en ook om ons te help om probleme en stryd in die lewe te bowe te kom. Wat meer is, is dat Sy kinders by Hom nooit ontydig is nie.

Dit beteken egter nie dat u al hierdie foute en sorge die nuwejaar moet insleep nie. Inteendeel, dit is nie eers nodig om te wag vir die volgende nuwejaar om aan te breek alvorens jy van hierdie foute, probleme en sorge ontslae raak nie. Jesus Christus het mens geword om ware gelowiges vry te maak van bande van ongeregtigheid en ook om ons te help om probleme en stryd in die lewe te bowe te kom. Wat meer is, is dat Sy kinders by Hom nooit ontydig is nie. Selfs wanneer ek in die middel van die nag op my bed na die slaap soek, maar my sorge my daarvan weerhou, is dit die perfekte tyd om tot Hom te nader.

Ek het daarom vrymoedigheid om elke gelowige vandag te verseker dat ons ook die jaar 2017 met vrymoedigheid kan tegemoetgaan. Dit is belangrik dat ons egter die jaar 2016 nie met veragting moet agterlaat nie, maar die goeie daaruit in dankbaarheid met ons moet saamneem. Dit is net so dat ons ons foute en dit wat ons gedoen het wat voor God verwerplik is nie die nuwejaar sal binnedra nie, maar dit voor die voete van Jesus Christus sal bely en dit daar sal laat. Hy wat ons opregte bede om vergifnis sal aanhoor en ons sondes van ons sal verwyder baie verder as wat die afgelope jaar van ons af is. Hy sal dit ewig uitdelg sodat ons met vrymoedigheid, dankbaarheid en vreugde die geskenk van elke nuwe dag met 'n rein hart, in ootmoedigheid en met dankbaarheid kan aangryp. "Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons." (Ps. 103:8-12).

My raad aan u is dan vandag eenvoudig – moenie vrees vir wat die nuwejaar vir u sal inhou nie, want u hoef die toekoms nie alleen tegemoet te gaan nie. Laat Sy Woord in die nuwejaar vir u die leiding in die lewe bied en luister noukeurig na Sy stem en u sal so seker as wat Hy weer op die wolke sal kom nie in die nuwejaar verdwaald raak nie.

"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." (Ps. 119:105).

# ZUMA

## "Doublespeak"

Ons kyk na 'n paar uitlatings van Zuma in sy staatsrede van 9 Februarie 2017 waarin hy beklemtoon dat hy nie witmense haat nie. Die teenhang van haat is tog liefde. As jy nie haat nie, is dit dan liefde wat hom motiveer om hom op leuens te beroep ten einde sy en die res van die swart bevolking se diefstal te kan regverdig?

**Dubbelsprakigheid.**
Hierdie politieke dubbelpratery is só deursigtig dat hy niemand van ons daardeur kan mislei nie. 'n Baie dun vernislagie wat die haat, die gierigheid, die magsbeheptheid moet bedek en nie eers by benadering dáárin slaag nie! Dit alles is moontlik gemaak deur slegs een swak en ruggraatlose regering na dr. Verwoerd!




**Onwettige toegewings**
Één toegewing op sportgebied wat gelei het tot 'n volgende eis en 'n volgende toegewing tot by die voorspelde swart meerderheidsregime. Géén prestasie van die swartes se kant nie, géén oorwinning, géén vermoë tot prestasie, géén inisiatief, géén intellek en géén integriteit wat respek moet afdwing sigbaar nie.
**Onwettige gesag.**
Net gesag wat onwettig op 'n skinkbord deur 'n klomp verraaiers aan hulle verleen is, waarvan die misbruik daarvan aan hom die verwaandheid besorg om te lieg en te bedrieg en te vat waarvoor hy nie gewerk het nie, wat hy nie verdien nie en dit wat aan ander behoort, aan te bied vir ander wat soos hy lyk en dink! Dit omdat hulle ons nie haat nie??
Nee wat Jacob, jou staatsrede is praatjies vir die vaak! Die kiesers moet 2019 weer vir jou stem. Die bod vir stemme moet dus hoog ingesit word. Vir die witman is dit oorlogspraatjies! Dit is nie 'n reënboognasie, 'n regering van nasionale eenheid of gelykheid vir almal wat julle soek nie, dit is ons land wat julle wil vat! Die leuens van vat om terug te gee aan die "wettige" eienaars? Bloot omdat julle so sê? Waar is die geskiedkundige bewys van julle eienaarskap? Het julle vergeet van die Mfecane?

**Zuma sê die volgende in die parlement:** Calls for ***land restitution*** had nothing to do with hatred of whites, Zuma said. ..... "It does not display hatred. Responsible leadership must find a way to avoid that situation, so I don't think it helps to jump into phrases that if somebody talks about ***land hunger***, then he is hating the whites. How else would you describe ***those who own the land?*** How do you describe them, if you don't say what happened?" Zuma asked. .... AS IT HAPPENED: "***Affirmative action*** does not equal hatred of white people" - Zuma in SONA debate response
Zuma said it was amazing to see certain parties pretending to side with ordinary citizens, when he knew they were on the side of ***those who had stolen the land.***
- "***Land will be returned to the people***", President Jacob Zuma asserted on Thursday, during his reply to the State of the Nation Address debate.
Replying to criticism from political parties on ***land expropriation*** and the slow pace of ***land reform,*** Zuma told MPs that his government had the interests of the people at heart. "And will ***do all in its power to ensure that land is returned to the people***," he said in the National Assembly.

# Nasionalistiese Vryheidsvlae in Suid-Afrika

**Transvaal**
Die Transvaalse Vierkleur was die amptelike vlag van die Zuid-Afrikaansche Republiek en is deur ds. Dirk van der Hoff ontwerp. Die vlag het amptelik as die ZAR se landsvlag gedien vanaf 1858 tot 1902, met periodes waartydens die ou Voortrekkervlag (1874-75) en die Union Jack (1877-1881) as amptelike vlag gehys is.


Die rede vir die kleure is nie heeltemal bekend nie, maar daar word algemeen aanvaar dat ds. van der Hoff in gedagte gehad het dat die Nederlandse vlag nie geskik sou wees vir die nuwe republiek nie. Die oranje in die Nederlandse vlag is dus deur rooi vir die Boererepubliek vervang, terwyl 'n vertikale groen streep bygevoeg is.

Die vlag is die eerste keer op 6 Januarie 1857 in Potchefstroom en op 23 Februarie 1857 in Pretoria gehys. Op 18 Februarie 1858 het die Volksraad die Vierkleur as die amptelike vlag van die Zuid-Afrikaansche Republiek verklaar.


**Oranje-Vrystaat**
Die Oranje-Vrystaat (Nederlands: Oranje-Vrijstaat) was een van die onafhanklike Boererepublieke. Die Oranje-Vrystaat was een van die provinsies van die Republiek van Suid-Afrika. Dit bestaan vandag steeds as 'n provinsie van Suid-Afrika met die verkorte naam Vrystaat. Die Vrystaat is geannekseer deur Brittanje in 1848, en op 17 Februarie 1854 het Brittanje die onafhanklikheid van die Oranje Vrystaat erken.

Die nasionale vlag van die Oranje Vrystaat is in 1856 aangeneem. Die OVS se nasionale vlag het bestaan uit oranje en wit horisontale strepe wat mekaar afwissel (3 oranje en 4 wit met die wit strepe aan die buitekant), met 'n weergawe van die Hollandse vlag (oorspronklik gebruik by Graaff-Reinet en Swellendam in 1795) in die een kwart. Die vlag is ontwerp deur die Nederlandse koning Willem III na 'n versoek van die bevolking van die Oranje Vrystaat. Op 31 Mei 1902 met die vrede van Vereeniging is die Vierkleur en die Vrystaatse vlag finaal gestryk.


**Afrikaner**
Die ware patriotiese Afrikaner heg nog steeds waarde aan sy vlae uit ons geskiedenis en daarom leef die vlae vandag voort in die vlag van die Afrikaner Volksparty.



Vlag van die Afrikaner Volksparty



Vlag van die Oranje Vrystaat



Transvaalse Vierkleur

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org